

Ds. A. W. C. Bester  
Warmbad, Suidwes-Afrika  
19 Oktober 1969

Onderwerp: Die woestyn

Lees: Hosea 2 verse 9 tot 22  
Teks: Hosea 2 vers 13  
Sing: Gesang 4 verse 1 en 7; Gesang 89  
verse 2 en 3; Gesang 65 verse 5 en 8

“Hierdie woorde spreek van God se oordele. Die redegewende ‘daarom’ laat ons geen ander verklaring toe nie. Broers en Susters, waarom wil God hierdie volk van Hom in die woestyn wegvoer? Die rede word ons duidelik gegee in vers 12 waar ons lees. Omdat Israel - die bruid van God - haar bruidegom vergeet het. God wil hulle wegvoer na die woestyn in ballingskap, wat niks anders as leed en ellende vir hulle sou beteken nie. Die woestyn hier, is dus nie letterlik nie, maar figuurlik te verstaan. Met ander woorde Israel sou weer geplaas word onder dieselfde omstandighede as voor hulle intog in die land van Belofte. Israel sou beroof word van alle seëninge en weer die verflenterde woestynkind word - smagtend na water en soekende na hulp. Dit is die toestand wat God vir hulle toesê in die woorde van vers 9: Ek sal dan haar skaamte ontbloot voor haar minnaars en ’n einde aan haar vreugde maak - haar wingerstok en haar vyeboom sal Ek verwoes.

“Broers en Susters, wee diegene wat hulle aan die afgode wy en God sodoende vergeet en verlaat en nie smart op smart vrees nie.

“Hoor Israel, die HERE u God is ’n enige God (Deut 6:4) - daarom: Kyk, Ek sal haar lok en haar in die woestyn lei.

“Ek sal haar lok. Om te lok beteken iets heel anders as om te lei. Die woord lok roep heel ander gedagtes op as om te lei. Mens dink meteens aan lieflike uitnodiginge. Soos wanneer iemand praat van die lokstern van die Evangelie. En nou kom die vraag, wat bedoel God hier? Oordeel of voordeel? Beteken woestyn toe in ballingskap - afbreek of opbou - vloek of seën?

“Moet Israel haar verbly in die feit dat God hulle na die woestyn lok, of moet hulle hierdie handeling van God vrees?

“Die volk moes seer seker verward gestaan het voor hierdie twee begrippe. Lok en lei. En nog groter word die verwarring as Hosea voortgaan deur nóg ’n teenstrydigheid aan te teken met die woorde: In die woestyn sal Ek na haar hart spreek. Onverklaarbaar - onaanvaarbaar? Sou God nie eerder hier in die woestyn swyg vanweë sy toorn teen die gruwelikhede en die sondes van die volk nie? Sou God Hom nie veel eerder hier van sy volk onttrek nie - die volk wat Hom skandelik verlaat het? Nee, Broers en Susters, hier spreek dit duidelik: In die woestyn sal ek tot haar hart spreek. In die woestyn soek God toenadering. In die woestyn maak God bemoeienis met ons lewe. In die woestyn wil God help.

“Die woestyn kan dus seën beteken - hierdie dal van verlatenheid kan dus ’n fontein van heil en redding word.

“Ja, die teenspoed en die eensaamheid van die lewe kan tot die saligheid van die mens dien. Wie dit verstaan en begryp, kla nie meer oor die woestyn op die pad nie, maar kniel neer en dank God vir sy heilige bemoeienis. Dié God wat in die wonderbaarlike en teenstrydige en onbegryplike lewensweg ’n mens na die woestyn lok om aan hom ’n paradys te skenk. Dié God wat die mens alles laat verloor om hom sodoende ryk te maak en te laat oorwin. Dié God wat die woestyn ervaring ten goede laat meewerk vir diegene wat Hom vrees en wat na sy heilige voorneme geroep is.

“En dit is die bedoeling en betekenis van Hosea se woorde hier in vers 13. O, ja, dit is historiese feit dat God die volk met geweld in die woestyn van ballingskap gedryf het. Maar God laat Hosea die woordjie ‘lok’ gebruik - om aan Israel te sê dat in en agter die ellende, die liefde van sy Goddelike hart geskuil het. Dit bring ons by hierdie groot waarheid. Israel het God vergeet, maar God het Israel nie vergeet nie. Die HERE wil sy bruid so graag weer terugbring. Daarom lok Hy haar in die verlatenheid om haar opnuut van sy liefde te verseker. O die wonderbare liefde van God. Teenoor die sondaar ’n verterende liefde. So lief het Hy die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie maar die ewige lewe kan hê.

“Dit is die heerlike boodskap wat God vandag nog na sy duurgekoopte Kerk stuur. Broers en Susters laat ons eerlik wees. ’n Kerk wat afgedaal het na die laagtes van Eségiël. ’n Laagte vol doodsbeendere.

“God wil en sal ons na die woestyn van eensaamheid, ellende, teenspoed en kruisdra lok, om met sy bruid hier op aarde te praat. In dié lig moet ons God se handeling met ons lewe sien. By hierdie Sinodale vergadering het ons weereens onder die indruk gekom van die afdwaling en koudheid van lidmate teenoor die Kerk van God en teenoor die God van die Kerk. Daarom is aanstaande Sondag, Hervorming Sondag bepaal as ’n dag van verootmoediging. God wil met ons praat. God wil na ons harte spreek. God wil sy bruid uit die woestyn kom haal om vir ewig saam met Hom in die paradys te wees.

“Waarom dan in die woestyn? Broers en Susters, die woestyn is eensaam - hier heers die kalmte en stilte. Hier kan God met sy volk werklik alleen wees. Hier hoor mens nie die rumoer van die Baälfeeste weerklink nie. Hier gaan die stem van God nie verlore in aardse gedruis van sonde nie. Hier sien God die mens - in eerbied gesê - onder vier oë. Hier kan die mens tot homself kom, soos die verlore seun. Hier kan die mens by die lig van God ’n behoorlike en eerlike voorraad opname van sy geestelike besittings maak. Hier kan die mens tot die ontdekking van sy verlorenheid en sy afdwaling kom. Hier in die woestyn kan die mens besluit en ’n keuse maak wat tot radikale verandering kan lei - wat vreugde, uitredding en verlossing kan beteken. Hier kan ’n mens jou God vind en weer vrede hê. Hier roep jy in jou benoudheid na God en God sal antwoord.

“Die woestyn, Broers en Susters, is dus nie ’n verkeerde plek op jou lewensweg nie. In baie gevalle beter as ’n feessaal en vol skure - waar die mens die gevaar loop om uit roep: My siel, neem, rus, eet en drink en wees vrolik.

“Of die woestyn nou ’n jare lange siekbed is; of die swart kleed van rou oor dierbares wat heengegaan het; of die ontberinge van die lewe as gevolg van teenspoed en beproewinge - bly die woestyn nog die heerlike plek van heil. Al is daar geen bekoring wat ons graag hier wil laat vertoef nie. Tog was die woestyn deur al die eeue die plek waar die Timmerman sy heerlike werk in menselewens kon verrig.

“Voor Midians woestyn het Moses gedink dat hy alleen, by homself, mense kon doodslaan. In die woestyn waarheen God hom vir veertig jaar gelei het, leer hy dat hy niks kan doen sonder die genade van God nie.

“In die woestyn van Gilead staan God se wa gereed om ’n Godgewyde dienskneg, Elia, met vurige perde weg te voer na die hemel.

“In die woestyn van Patmos word Johannes die herout (boodskapper) van Jesus se wederkoms. Hier word die Hemel geopen. Hier sien hy God.

“In die blinde eensaamheid op weg na Damaskus word Paulus God se uitverkore werktuig.

“In die woestyn van eensaamheid sal Jakob sy God weer terugvind.

“En Broers en Susters, hoeveel het God nie al gevind in die woestyn nie en uitgevind dat dit hier ’n Feesmaal kan wees - hier waar God elke dag die dagmaat van sy manna gee en water laat vloei uit die barre rots.

“Verskriklik, geseënde, heerlike woestyn. Ons wil uitroep: HERE ek is tevrede. HERE ek sal volg waar u ook al lei.

“Broers en Susters - hiermee sluit ek - die woestyn is ook ’n plek van eerlikheid en daarom vir baie minder begeerlik. Wie van Jerusalem na Jericho gaan, moet deur die woestyn van Juda gaan. Hier is nie ’n mens wat jou sien en dophou nie. Daarom hoef nóg die priester, nóg die Leviet, hulle te skaam om die sterwende man langs die pad te laat lê. In Jerusalem was hulle natuurlik die filantropie.

“Ja die eensaamheid is eerlik. Hier kom tot openbaar wat ’n mens hier binne is.

“Sou dit miskien hieruit spruit dat baie die eensaamheid liever wil vermy - die eensaamheid waar hy met homself en met sy God alleen sal wees. Die eensaamheid waar God met hom kan praat - en hy liever die rumoer van die wêreld daarbuite verkies.

“Indien dit so is - dan wil God ons na hierdie woestyn lok om met ons in waarheid te spreek.

“Amen.”